NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# DRAMATIESE KUNSTE

Tyd: 3 uur | 150 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Die vraestel is in twee afdelings verdeel. Jy moet **ALBEI** afdelings beantwoord:

   **AFDELING A:** **DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS**
   **Vraag 1: *The Caucasian Chalk Circle* – Bertolt Brecht**
   **Vraag 2: Suid-Afrikaanse Teater – EEN van die volgende dramas moet gekies word:**
   - ***Sizwe Bansi Is Dead* – Fugard, Kani, Ntshona**
   - ***The Island* – Fugard, Kani, Ntshona**
   - ***My Life* – Fugard en Cast**

   **AFDELING B:** **OPSTEL**
   **Vraag 3**

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos die vrae in die vraestel genommer is.

4. Die puntetoekenning per vraag is 'n aanduiding van die mate van detail en nougesetheid wat in die antwoord verlang word.

5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---


IEB Copyright © 2019

## AFDELING A DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS

## VRAAG 1 *THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE* – BERTOLT BRECHT

### 1.1 TITEL en TEMAS

Beskou die volgende beeld en beantwoord die vrae hieronder:




1.1.1 Stel voor hoe die titel van die drama die proloog met die drama-binne-die-drama skakel. (3)

1.1.2 In produksies word die proloog dikwels nie opgevoer nie. Stel voor waarom jy die proloog in jou produksie sal insluit OF nie sal insluit nie indien jy die regisseur is. (3)

1.1.3 Verwys na die beeld hierbo. Identifiseer TWEE temas in die drama waarna jy dink die beeld verwys. (2)

1.1.4 Bespreek hoe EEN van die temas wat jy in Vraag 1.1.3 genoem het in die drama ondersoek word. Verskaf spesifieke voorbeelde uit die teks om jou antwoord te ondersteun. (6)

1.1.5 Jy is gevra om 'n produksie van die drama by jou plaaslike teater te bemark. Beskryf en motiveer 'n ander beeld wat jy kan gebruik om enigeen van die temas wat jy in Vraag 1.1.3 genoem het, uit te beeld. (4)

## 1.2 OPVOERING

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**'n Uittreksel uit *The Caucasian Chalk Circle* – Scene 6: The Chalk Circle**

**AZDAK:** Plaintive and defendant! The court has listened to your case, and has come to no decisions as to who the real mother of this child is. I as Judge have the duty of choosing a mother for the child. I'll make a test. Shauva, get a piece of chalk and draw a circle on the floor. (*Shauva does so.*) Now place the child in the centre. (*Shauva puts Michael who smiles at Grusha, in the centre of the circle.*) Plaintiff and defendant, stand near the circle, both of you. The Governor's wife and Grusha step up to the circle. Now each of you take the child by a hand. The true mother is she who has the strength to pull the child out of the circle, towards herself.

**THE SECOND LAWYER:** Quickly. High Court of Justice, I protest! I object that the fate of the great Abashvili estates, which are bound up with the child as the heir, should be made dependent on such a doubtful wrestling match. Moreover, my client does not command the same physical strength as this person, who is accustomed to physical work.

**AZDAK:** She looks pretty well fed to me. Pull!
(*The Governor's wife pulls the child out of the circle to her side. Grusha has let it go and stands aghast.*)

**THE FIRST LAWYER:** (*Congratulating the Governor's wife.*) What did I say! The bonds of blood!

**AZDAK:** To Grusha. What's the matter with you? You didn't pull!

**GRUSHA:** I didn't hold on to him. (*She runs to Azdak.*) Your Worship, I take back everything I said against you. I ask your forgiveness. If I could just keep him until he can speak properly. He knows only a few words.

**AZDAK:** Don't influence the Court! I bet you know only twenty yourself. All right, I'll do the test once more, to make certain.
(*The two women take up positions again.*)
Pull!
(*Again Grusha lets go of the child.*)

**GRUSHA:** (*In despair.*) I've brought him up! Am I to tear him to pieces? I can't do it!

**AZDAK:** (*Rising*) And in this manner the Court has established the true mother. (*To Grusha.*) Take your child and be off with you.

1.2.1 Definieer die term *morele paradoks*. (2)

1.2.2 Stel voor waarom Brecht in die drama van 'n morele paradoks gebruik maak. Verwys in jou antwoord na EEN van die karakters uit die uittreksel. (4)

1.2.3 Verduidelik Brecht se siening van ensemblewerk. (4)

1.2.4 Bespreek die opvoeringsvaardighede waaroor jy sal moet beskik indien jy in 'n produksie van die drama speel. In jou antwoord kan jy na die uittreksel sowel as die drama as geheel verwys. (6)

1.2.5 Regverdig hoe jy van *Verfremdungseffekt* gebruik kan maak indien jy die uittreksel moet regisseer en opvoer. (6)

## 1.3 DRAMATURG SE BEDOELINGS

Lees die volgende aanhaling en antwoord soos hieronder aangedui:

> Brecht was teen naturalistiese teater waar die gehoor "hul breine saam met hul hoede in die bewaarkamer ophang".

[Bron: <http://web.mit.edu/allanmc/www/brecht.pdf>]

Bespreek in 'n mini-opstel van ongeveer 1 bladsy (±250 woorde) hoe Brecht die gehoor manipuleer om NIE "hul breine saam met hul hoede in die bewaarkamer op te hang" nie.

Verwys na die volgende wanneer jy die vraag beantwoord:

- taal
- karakters
- enscenering (staging) (15)

**[55]**

IEB Copyright © 2019

## VRAAG 2 SUID-AFRIKAANSE TEATER

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- *Sizwe Bansi Is Dead*
- *The Island*
- *My Life*

### 2.1 SOSIOPOLITIEKE KONTEKS en GENRE

2.1.1 Verduidelik die term *protesteater*. (2)

2.1.2 Beskryf kortliks die sosiopolitieke agtergrond van die drama wat jy bestudeer het. (4)

2.1.3 Evalueer of hierdie drama as 'n protesdrama geklassifiseer kan word. Jy moet voorbeelde uit die teks verskaf om jou antwoord te motiveer. (8)

2.1.4 Motiveer enige ander teaterstyl wat die skeppers van hierdie drama kon beïnvloed het. (4)

### 2.2 INVLOEDE en ENSCENERING

Beskou die beeld hieronder van 'n skaap wat 'n eksistensiële krisis beleef.




2.2.1 Definieer die term *eksistensialisme* met verwysing na die beeld hierbo. (4)

2.2.2 Beskryf 'n eksistensiële oomblik uit jou gekose drama. (4)

2.2.3 Verduidelik hoe 'n kunstenaar die eksistensiële oomblik wat in Vraag 2.2.2 gekies is in 'n produksie van die drama kan beklemtoon. Jou antwoord moet **fisieke** en **stem**keuses insluit. (8)

2.2.4 Motiveer hoe jy **beligtingseffekte** EN/OF **klankeffekte** kan gebruik om betekenis in jou gekose eksistensiële oomblik verder te ontwikkel. (6)

## 2.3 RELEVANSIE

Lees die gedeelte hieronder as 'n stimulus vir jou antwoord:

> "Een van die belangrikste aspekte van lewendige teater is die rol wat dit kan speel om mense sensitief te maak vir kwessies wat aandag moet geniet, in die verlede sowel as in die hede" – Playhouse Company se hoof uitvoerende en artistieke direkteur Me. Linda Bukhosini.

Bespreek in 'n mini-opstel van ongeveer 1 bladsy (±250 woorde) hoe jou gekose drama die krag het om aandag te gee aan kwessies "in die **verlede** sowel as in die **hede**". (15)

**[55]**

**110 punte**

IEB Copyright © 2019

## AFDELING B DRAMATIESE ONTLEDING

## VRAAG 3 OPSTEL

**Hierdie afdeling ondersoek *The Caucasian Chalk Circle* deur Bertolt Brecht**

**EN EEN van die volgende Athol Fugard-tekste:**

- ***Sizwe Bansi Is Dead* OF**
- ***The Island* OF**
- ***My Life***

Lees die aanhaling hieronder en beantwoord die vraag wat volg:

| "Sit en opstook* meng nie" – Bertolt Brecht |
|---|

**Opstook: gedrag of spraak wat mense aanhits om teen die gesag van 'n staat te rebelleer*

Bespreek in 'n opstel van ongeveer 3 bladsye (500–600 woorde) hoe die twee dramas wat jy bestudeer het die betekenis van die aanhaling weerspieël.

Jou antwoord moet 'n bespreking van die volgende aspekte insluit:

- struktuur
- opvoeringstyl
- die rol van die gehoor

[10 punte: struktuur van opstel + 30 punte: inhoud van opstel]

**40 punte**

**Totaal: 150 punte**

IEB Copyright © 2019